GD Kotze tydens die wêreld uithourit-kampioenskappe in Argentinië, met sy manjifieke gehuurde perd vanuit Chili, Imposter

Jong ruiters bo!

deur **Lizet Kotzé**

Die nasionale junior en jongruiterspan vir die wêreld uithouritkampioenskap wat op 16 Maart vanjaar in Argentinië plaasgevind het, het die wêreld se aandag gevestig op ons ruiters se vernuf en uitstekende ruitervaardigheid.

Die span van ses lede was Thia van Niekerk, Carmen du Preez, Ashleigh Lord, GD Kotze, Francois du Preez en Ami de Wet. Die spanbestuurder was Zulu Liebenberg en die spanveearts en assistent-bestuurder, was dr Henk Basson van Bethlehem. Die allerbelangrike *grooms* was grotendeels die ruiters se ouers. Ons was ook bevoorreg om ons eie chiropraktisyn en fisioterapeut, dr Johan Kotze van Middelburg in Mpumalanga, saam te neem om na perde én ruiters se pyne om te sien.

Die groot dag van die kampioenskap was in sig, toe opgewonde ruiters en perde vanaf hulle "oefenkamp" naby Buenos Aires verskuif is na 'n groot militêre opleidingskamp, Campo de Mayo, waar die 120 km FEI 4 rit aangebied is. Hier het elf lande se topruiters en van die wêreld se beste uithouritperde saamgetrek. Die

openingseremonie en voorrit-veeartsondersoeke het kort daarna plaasgevind.

'n Nat wegspring

Om 06:30, het 65 deelnemers in die grou oggendlig onder luide applous weggespring op die ietwat nat en modderige baan. Daar is die vorige dag op dieselfde baan 'n 100 km rit aangebied, wat meegebring het dat die nat gedeeltes in 'n modderbad verander het. Die nat toestande het 'n muskietplaag ontketen, en perde en ruiters moes die swerms ook nog trotseer!

Die eerste been van die rit is oor 'n afstand van 37 km afgelê en ons ruiters het versigtig en konserwatief begin om eers die toestande en perde te "lees". Thia met haar reuse blits uit Chili, Forastero, was eerste van die Suid-Afrikaners om op been een in te kom. GD op sy manjifieke Imposter, ook van Chili, was kort op hulle hakke, met die ander vier ruiters redelik naby mekaar. Maar dit was net die begin van die dag!

Francois se Argentynse Midday, was vuurwarm en het van elke moontlike geleentheid gebruik gemaak om op haar agterpote te gaan staan. Tydens die veeartsondersoeke het sy die veeartse op 'n versigtige afstand gehou. Ami se Tiger Cove was 'n regte *tiger* – 'n onstuitbare merrie met 'n hart soos 'n leeu. Carmen se merrie, wat ingevlieg is vanaf Brasilië, Nag Sharon Bez, was 'n perd van 'n ander kleur – haastig van geaardheid, met bitsige, byterige merriemaniere. Ashleigh se Argentynse merrie, Clarisasha, het ons verstom deur met elke been beter en kragtiger te word.

Slegte nuus

Ongelukkig het die rooi ligte vanaf been een vir GD se Imposter geflikker. Sy hartklop was onstabiel en been twee sou bepalend wees om te kon voortgaan. Met GD se aankoms ná die tweede been van 32 km, waartydens hy 15 km uit die saal was en self gedraf het, het hy en dr Henk besluit om halt te roep en te onttrek. Groot teleurstelling, maar 'n besluit in belang van die perd se welstand. Dit was byna-byna of Imposter was op die vliegtuig met eindbestemming Kotze-stalle, Belfast, Suid-Afrika!

Die nasionale junior en jong ruiter-span tydens die wêreld uithouritkampioenskappe in Argentinië: Voor is Ashleigh Lord, Thia van Niekerk en GD Kotze. Agter is Ami de Wet, Carmen du Preez, Francois du Preez, Zulu Liebenberg (spanbestuurder) en dr Henk Basson (spanveearts en assistent-spanbestuurder)

Francois du Preez met sy gehuurde Argentynse merrie, Midday, op pad na sy 21ste plek, minder as 9 km na die eindstreep

Thia het ook teëspoed beleef met die kragtige Forastero. Sy het eenkeer afgeval toe Forastero besluit het om die rit kort te knip en gou by die stalle te gaan inloer. Boonop het hy homself een keer gepooitjie in sy soeke na spoed, en beide perd en ruiter het hard met Moeder Aarde kennis gemaak! Maar sy het haar nie hierdeur laat onderkry nie, en het die rit gekneus en nerf-af geskuur, voortgesit.

'n Voorspoedige derde been

Tydens die derde been wat 21 km lank was, het ons vyf oorblywende ruiters nog stewig in

die saal gesit en stadig maar seker ons posisies op die punteleer verstewig. Aan die einde van die 20 km lange been vier, het Ashleigh verstommende afstand opgemaak en negende ingekom, met Ami wat in haar nek blaas in tiende posisie. Ons ander drie ruiters, Thia, Carmen en Francois, was kort op hulle hakke, vars en vol selfvertroue na 'n uitmergelende 111 km.

En toe trek die perde los!

Groot was die teleurstelling toe Ashleigh en Ami albei ná die vierde been uitgeskakel is. Clarisasha se hartklop was te hoog en Ami se Tiger Cove moes weens mankheid die handdoek ingooi. Die finale been was 'n skamele 9 km lank en nou het Carmen se Sharon behoorlik die handrem losgemaak. Thia het toegegee en Forastero sy gang laat gaan, en Midday van Francois het instinktief geweet dat die einde in sig is en laat waai!

En só het ons drie ruiters wat die kampioenskap suksesvol kon voltooi presteer:

14de: Carmen du Preez met Nag Sharon Bez, met 'n gemiddelde spoed van 20,06 km/u
16de: Thia van Niekerk met Forastero, met 'n gemiddelde spoed van 19,94 km/u
21ste: Francois du Preez met Midday, met 'n gemiddelde spoed van 18,94 km/u.

Guatemala se span het die vyfde plek in die spankompetisie behaal. Australië was sesde, Nieu-Seeland sewende en Namibië agste. Die wenspoed was 22,31 km/u en is behaal deur Uruguay se Manuela Antonaccio op Metiche.

Die pas-afgelope wêreldkampioenskap was 'n ervaring duisend en ons het 'n uitmuntende span en bestuur gehad wat hulle uitstekend van hulle taak gekwyt het. Ons het 'n span om op trots te wees. Hulle het hulle ten alle tye soos ware ambassadeurs en bowenal soos ware ruiters gedra en hulle ruiterskap met trots aan die wêreld vertoon! **SAH**

Die Merk
van kwaliteit

Die Boerperd brandmerk:
waarmerk van die ware SA Boerperd

Sonder die B-brand is dit nie 'n ware SA Boerperd nie.

Skakel Sonja by
SA Boerperdtelersgenootskap
051 430 2456
E-pos sonja@studbook.co.za
www.saboerperd.com